Die Here is God en die Here is goed

Skrifgedeelte: Psalm 100:1-5
(1933/53- en 1983-vertaling)
Fokusgedeelte: Psalm 100:3, 5

Die Bybel leer ons dat daar net een ware God is: die God van Abraham, Isak en Jakob, die Vader van ons Here Jesus Christus. Hý is die Skepper en Onderhouer van alles, Hy is ons Redder in Jesus Christus. Hierdie Here, die God van die verbond, is die ware God (vs 3).

Ons as mense hou van baie gode. Ons maak van geld 'n afgod. Ons maak van mag 'n afgod. Ons maak van ons nasie 'n afgod. Ons maak van onsself 'n afgod. Ons maak van die wetenskap en tegnologie 'n afgod. Afgode kan ons egter nie red nie, hulle kan ons nie vir ewig versorg nie. Daarom moet die hele aarde weet dat daar net een ware God is. Sy volk, sy kudde, moet dit veral weet. Hy het immers die goeie Herder gestuur om te red, te lei, te versorg en te bewaar. Die goeie Here het sy lewe vir sy skape – vir ons – afgelê.

Daar is ook 'n tweede saak wat ons moet weet: hierdie ware God is 'n goeie God (vs 5). Sy liefde en sy trou is sonder einde. Daarom moet die tempelsangers dankliedere en lofsange sing, en ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges en kerkgangers kan hier nog meer uitbundig sing. Ons deel immers in die volle heil wat hierdie goeie God aan ons in Christus en deur sy Gees geskenk het. Ons ganse lewe moet een groot danklied wees op die goedheid van hierdie ware en goeie God.

Is dit inderdaad die geval?

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
Publikasie
Publication
CALVYN JUBILEUM
Nr./No.: P05